

'n Sierlap vir jou tafel



Pynappelmotiewe op 'n hekellap bly bekoor – en al het jy min tyd, kan jy dié patroon sommer in 'n middag voltooi. Saamgestel deur Sandra Bodenstein

BENODIGDHEDE

Coats-glanskatoengare nr. 20; hekelnaald nr. 1,25.

MATE

Die voltooide lappie is 28 cm in deursnee.

SLEUTEL TOT HEKELDIAGRAM


▲ = begin hier

○ = 1 glipsteek


● = 1 kettingsteek

× = 1 kortbeentjie

⊥ = 1 langbeentjie



ELSABE NORVAL het die lappie eksklusief vir ROOI ROSE gehakel.



BEUOLTASSIE

JY HET NODIG

4 sirkelvormige stukke harde karton, elk 7 cm in deursnee en 2,3 mm dik; 2 stukke skuimrubber, 20 mm dik en met dieselfde deursnee as karton; stuk van 12 x 48 cm kledstof; gomgeweer (*glue-gun*) en 1 gomstiffie of kontakgom; 110 cm satynlint, 4 mm breed, om by kledstof te pas; 50 cm koord; 2 plastiekkrale, 10 mm in deursnee.

MAAK SÓ

1. Plak skuimrubber op 2 karton-stukke: Smeer gom op karton en druk skuimrubber dadelik daarop vas. Knip skuimrubber teen karton af sodat dit dieselfde vorm as karton het.
2. Knip kledstof in 4 stukke van

12 x 12 cm. Knip hoekies skuins af sodat kledstof rond is. Plaas 1 stuk met regte kant na onder voor jou. Plaas nou 1 karton-en-skuimrubberstuk in middel van kledstof – karton na bo. Knip kepies tot sowat 2,5 cm van karton af. Vou kledstof om en plak aan karton vas. Maak seker dat karton egalig oorgetrek word. Herhaal met an-

der stuk karton en skuimrubber. Trek oorblywende 2 stukke karton op dieselfde manier oor.

3. Plak punt van lint stewig in middel van verkeerde kant van 1 skuimrubberstuk vas. Laat 54 cm lint toe en plak ander skuimrubberstuk vas – sien skets op bl. 91.
4. Steek punt van lint deur kraal, deur 1 oog van borduurskêr en

weer deur kraal. Knoop lint 2 maal en trek knoop terug sodat knoop deur kraal bedek word.

5. Plak oorgetrekte kartonstukke aan skuimrubberstukke, agterkante teen mekaar. Plak koord versigtig in gleuf tussen 2 stukke. Sorg dat punte van koord met gom bedek is sodat dit nie uitrafel nie. Begin en eindig onder lint.